# NG GEMEENTE UNIVERSITASRIF
# AFKONDIGINGS: SONDAG 22 JANUARIE 2023

## U VOORBIDDING WORD VIR DIE VOLGENDE PERSONE GEVRA

- Elbé Daffue wat nog ongesteld is.

## VANDAG

***Hartlik welkom by vandag se erediens***

1. **OGGENDDIENS.** Hierdie diens word gelei deur **dr Lyzette Hoffman.** **09:00**

2. **KINDERKERK** vir voorskools tot gr 3. **09:00**

3. **KATEGESE** vir gr 4-11. **09:45**

4. **DEURKOLLEKTE: ENGO Jeugsorgsentrum.**
   Hierdie fondse word aangewend vir kinders wat deur bepaalde omstandighede nie deur hulle eie ouers versorg kan word nie.

# VOLGENDE SONDAG 29 JANUARIE 2023

1. **OGGENDDIENS.** Hierdie diens word gelei deur **ds Johan Labuschagne.** **09:00**

2. **KINDERKERK** vir voorskools tot gr 3. **09:00**

3. **KATEGESE** vir gr 4-11. **09:45**

4. **DEURKOLLEKTE: Fonds vir Hospitaalbediening.**
   Die fonds word aangewend vir die bediening van die Woord deur hospitaalleraars aan siekes in verskeie hospitale.

# HIERDIE WEEK

| | | |
|---|---|---|
| **MAANDAG, 23 JANUARIE:** | **Geen** | |
| **DINSDAG, 24 JANUARIE:** | **Geen** | |
| **WOENSDAG, 25 JANUARIE:** | **Geen** | |
| **DONDERDAG, 26 JANUARIE:** | **Vrouebybelstudie** | **09:00** |
| **VRYDAG, 27 JANUARIE:** | **Geen** | |

# ANDER

1. **NUWE INTREKKERS.**
   Baie welkom in hierdie gemeente. Dis altyd lekker om nuwe gesigte in die kerk te sien en ons sal u graag van naderby wil leer ken en wil help om in te skakel by gemeenteaktiwiteite. Neem gerus 'n "Nuwe Intrekker" vorm voor op die tafel by die preekstoel of by die deure, voltooi dit en bring terug kerk toe. U kan ook die skakel na die Google vorm gebruik: https://forms.gle/iAr3VIXx82MQdNF27. U kan ook die kerkkantoor skakel by 051 446 2078 indien u enige inligting benodig.

2. **SPESERYBOTTELPROJEK / ALIMENTASIEFONDS.**

Kleingeld maak beursies onnodig swaar! Gooi dit, dis nou die kleingeld, oor in 'n speserybotteltjie en kom ruil dit om vir 'n leë een in die twee ingangsportale om die nuwe bondel kleingeld in te plaas en weer te bring. Die geld so bymekaargemaak word aangewend om die alimentasiefonds te stuif en lidmate wat van tyd tot tyd hulp nodig het, te help. Neem gerus van hierdie botteltjies om die siklus te begin.

3. **WEEKLIKSE DIENSBEURTE VIR OMGEEGROEPE.**

Die omgeegroep van **Anton van Wyk** doen vandag diens by die kerk en is ook **Woensdag 25 Januarie** verantwoordelik vir die verskaffing van kos aan Huis Nederig.

Volgende week is die omgeegroep van **Robbie Crouch** aan diens en wel as volg:

Saterdag 28 Januarie - Boeremark
Sondag 29 Januarie - Kerkdiens
Woensdag 1 Februarie - Huis Nederig

*Vleisprojeklede aan diens is Johan Wessels.

4. **BOEREMARK HULP.**

Soos julle almal seker reeds weet het ons gemeente 'n boeremarkprojek waarby verskillende lidmate betrokke is. Ons maak die lekkerste droëwors en biltong teen 'n billike prys en verkoop dit by die boeremark.

Dit bied geleenthede vir lidmate om mekaar beter te leer ken, jou talente as "vleisbewerker" te verskerp en 'n nodige inkomste vir die gemeente te bring.

Daar is altyd nog hande nodig om die vleis te bewerk of by die boeremark of op 'n Saterdag op die kerkterrein met verkope te help. Enige belangstellendes kan Johan Wessels kontak by 083 300 7296.

5. **BETROKKENHEID BY KOMMISSIES.**

Ons wil regtig 'n beroep op julle doen om van die kommissievergaderings by te woon en insette le lewer in die beplanning en doen en late van die kommissies. Enige lidmaat is welkom om dit by te woon en hoef nie op die kerkraad te dien nie.

Die vergaderings duur nooit langer as 1 uur nie. Wees op die uitkyk op die afkondigings wanneer die vergaderings plaasvind of raadpleeg die jaarprogram.

Die werksaamhede van die kerk kan slegs voortbestaan met julle almal se hulp. Kom ons maak van hierdie jaar 'n mooi jaar van saamwerk, omgee en saamstaan.

# VERJAARDAE HIERDIE WEEK

| | |
|---|---|
| Lettie Venter | 23 Jan |
| Elzabie Els | 24 Jan |
| Charlene Marais | 25 Jan |
| Michelle Joubert | 26 Jan |
| Jeanne Pretorius | 26 Jan |
| Martin Roux | 26 Jan |
| Nico Smith | 26 Jan |
| Hentie van Eck | 27 Jan |
| Pieter Jacobs | 28 Jan |
| Babs Neethling | 28 Jan |
| Ansie Schepers | 28 Jan |
| Allan Sinclair | 28 Jan |

***Indien u hierdie week verjaar en u naam is nie op die lys nie,***
***dan beteken dit dat u nie op die stelsel is nie.***
***Kontak asb. die kerkkantoor by 051 446 2078 sodat ons u attestate***
***dan kan aanvra.***

## *VRUGTEBOOMVROU*

***Ek wil graag 'n vrou wees***
***wie se takke swaar hang***
***van die vrug van die Gees.***
***Ek wil liefde, vrede, blydskap,***
***lankmoedigheid, vriendelikheid,***
***goedheid, getrouheid,***
***sagmoedigheid en selfbeheersing***
***deel van my lewenswyse maak.***
***Sal U my asseblief help?***
***Want self, Here,***
***is ek hoegemaand nie***
***daartoe in staat nie.***

***AMEN***